# Afrikaanse Hoërskool Sasolburg

Skoolbeheerliggaam

Lemmerstraat 1, Sasolburg, 1947

Posbus 1116, Sasolburg, 1947

# COVID-19 STANDAARD OPERASIONELE PROSEDURE

**INHOUD**


| | | |
|---|---|---|
| 1. | Agtergrond | 2 |
| 2. | Implementering van kontrolemaatstawwe | 2 |
| 3. | MODULE 1 – Sonering, afbakening en ontsmetting | 4 |
| 3.1 | Sonering en afbakening van die skoolfasiliteit | 4 |
| 3.2 | Intense skoonmaak en ontsmetting van die skoolfasiliteite voor die aanmeld van personeel en leerders | 5 |
| 3.3 | Beskikbaarstelling van addisionele handewasfasiliteite by die ingangspunt asook by strategiese punte binne die skoolterrein | 7 |
| 4. | MODULE 2 – Maatreëls vir die effektiewe kontrolering en rekordering wanneer persone die skoolterrein betree | 7 |
| 5. | MODULE 3 – Prosedure wat gevolg moet word indien 'n personeellid vermoed dat 'n leerder die COVID-19-virus onderlede het | 10 |
| 6. | MODULE 4 – Aanstelling van spesifieke amptenare vir koördinering en toepaslikheidsversekering | 11 |
| 6.1 | COVID-19-Koödineerder | 11 |
| 6.1 | COVID-19-Veiligheidsbeampte | 11 |
| 6.3 | COVID-19-Administratiewe beampte | 11 |
| 6.4 | COVID-19-Gesondheidsbeampte | 11 |

## 1. Agtergrond

Gebaseer op die COVID-19-pandemie en die gevolglike verklaring van ‘n ramptoestand deur die Suid-Afrikaanse Regering word die onderstaande maatreëls geïmplementeer om ‘n veilige en volhoubare omgewing vir alle leerders, opvoedkundige personeel, leierskorps, nie-opvoedkundige personeel en besoekers op die terrein van die Afrikaanse Hoërskool, Sasolburg te verseker.

Dit is ‘n algemeen bekende feit dat bittermin kennis beskikbaar is re die virus en die hele wêreld worstel dus met die leerproses en verstaan van die omvang daarvan asook met die uitwerking van die virus op die lewens van die ganse mensdom. Die doelstellings met die implementering van die onderstaande kontrolemaatreëls is om die ongekontroleerde verspreiding van die virus op ‘n praktiese, effektiewe, volhoubare en koste-effektiewe wyse te beheer.

Tydens die afgelope 40+ dae het ons intens bewus geraak van die feit dat die nuwe normaal aansienlik gaan verskil van hóé ons die lewe voor die huidige pandemie ervaar het. Alhoewel die pandemie vrees en onsekerheid tot gevolg het, het dit ons egter ook geleer om aan te pas en om die onsigbare vyand met toewyding en ‘n positiewe ingesteldheid te takel ten einde te verhoed dat dit alles vernietig waarvoor ons almal hard gewerk het in ‘n poging om ons gemeenskap en leefwyses te verbeter.

## 2. Implementering van die kontrolemaatreëls

‘n Proses van infasering sal gevolg word om ‘n veilige omgewing vir alle personeel, leerders en besoekers te verseker. Die volgende fases sal geïmplementeer word in die voorbereiding en opening van die skoolfasiliteite:

i. Die samestelling van ‘n intense skoonmaak en ontsmettingsprotokol en prosedures vir die skoolfasiliteite;

ii. Die opleiding van alle ondersteuningspersoneel wat getaak is vir die skoonmaak en ontsmetting van die skoolfasiliteite;

iii. Sonering en afbakening van die skoolfasiliteite om effektiewe beheermaatreëls te verseker vir wanneer onderwysers en leerders terugkeer na die skool;

iv. Aanstelling en opleiding van alle kernpersoneel met spesifieke funksionele verantwoordelikhede vir die kontrole en toepassing van die maatreëls/prosedures;

v. Inspektering en herstel, waar nodig, van alle bestaande higiënefasiliteite en die oprig van addisionele handewasfasiliteite by die geïdentifiseerde toegangspunte en ander strategiese punte op die terrein in ooreenstemming met die aanbevole handewasprotokol;

vi. Die daarstelling van kwarantynsfasiliteite vir die moontlike isolering van enige personeellid of leerder alvorens die betrokke persoon na ‘n gesondheidsfasiliteit of mediese praktisyn verwys sal word;

vii. Die ontwikkeling van ‘n bewuste en gedetailleerde bewusmaking en gepaste handleiding om te verseker dat alle betrokke partye vertroud is en bewus is van die nuwe beleide en prosedures wanneer skoolbywoning plaasvind. Dit sluit ook ‘n reeks plakkateprogram in wat nie net ‘n bewusmaking van die virus behels nie, maar ook die daarstelling en vestiging van ‘n positiewe en gesonde lewensuitkyk sal verseker;

viii. Die ontwikkeling van ‘n beleid/prosedures wat gevolg kan word wanneer die skoolfasiliteite gereed en beveilig is vir die ontvangs van die personeel en leerders;

ix. Die opleiding van alle onderwysers en ondersteuningspersoneel in die prosedures asook die allokering van alle personeel in spesifieke rolle en verantwoordelikhede om te versker dat alle leerders en besoekers voldoen aan die genoemde protokol en prosedures;

x. Die ontwikkeling van kommunikasiemateriaal vir alle betrokke partye; die versekering dat alle partye bekend is met die prosedures en protokol wat gevolg moet word wanneer die skoolterrein betree word asook hulle spesifiek rolle en verantwoordelikhede;

xi. Die ontwikkeling en implementering van effektiewe en tydige kommunikasie protokol met alle ouers; wat spesifiek saamgestel is om alle ouers en betrokke partye op ‘n gereelde grondslag rakende enige veranderings en risiko’s in te lig.

** Om kruisverwysings te vergemaklik, sal die bostaande in verskillende modules binne die raamwerk van die dokument ingedeel word.*

## 3. MODULE 1 – Sonering, afbakening, intense skoonmaak en ontsmetting

In hierdie module word die sonering, afbakening, intense skoonmaak en ontsmetting van die skool-fasiliteite in voorbereiding vir die terugkeer van die personeel en leerders aangespreek.

### 3.1 Sonering en afbakening van die skoolfasiliteite

Om die voortdurende en effektiewe kontrole te alle tye te kan volhou, is die elliminering noodsaaklik van gebiede wat die taak sal bemoeilik of waar personeel en leerders deur sosialisering op 'n ongekontrolleerde wyse 'n potensiële risiko skep.

Alle gebiede wat as geen toeganggebiede verklaar is, sal duidelik herkenbaar en deur heinings of veiligheidsnette met 'n minimum hoogte van 1.2 meter afgebaken word en sal voorsien wees van voldoende waarskuwingstekens wat geen toegang tot hierdie gebiede aandui. Toeganklike gebiede sal beperk word om gekontroleerde toegang na klaskamers, higiënefasiliteite en die sportvelde soos die rugby- en hokkievelde, te vergemaklik.

'n Toegewyste en afgebakende voertuigparkeergebied sal aan die personeel en leerders beskikbaar gestel word. Die gebied sal slegs as 'n veilige parkeerarea dien en sal nie gebruik kan word om toegang tot die skool te kry nie. Alle personeel en leerders sal slegs toegang tot die skoolfasiliteite deur 'n toegewyste en gekontroleerde ingangspunt bekom waar skandering en sanitering sal plaasvind.

Alle gange, trappe en loopareas sal, waar van toepassing, met aanwysende tekens aangedui word om sodoende die beweegrigting van die personeel en leerders aan te dui en om die mees effektiewe implementering van sosiale distansiëring te verseker.

Drie ingeslote fasiliteite sal as isolasiefasiliteiet in die skool ingerig word, elkeen voorsien van 'n stoel, tafel en 'n gebottelde waterhouer. Toegang tot die isolasiefasiliteite is slegs via 'n spesifieke roete om sodoende die risiko van blootstelling aan ander personeel en leerders te verminder. Die isolasiefasiliteite sal deur duidelike tekens maklik as mediese isolasiefasiliteite identifiseerbaar wees en ook dat dit nie vir enige ander redes of doeleindes gebruik mag word. Die fasiliteite sal van 'n sluitbare deur en voldoende vensters voorsien wees wat 'n aanvaarbare vloei van vars lug sal verseker.

Alle administratiewe kantore sal onder streng toegangsbeheer wees wat slegs toegang deur gemagtigde personeel tot die gebied sal verseker. Alle ander personeel sal slegs in noodgevalle toegang tot die gebied verkry, Streng toegangsbeheer sal volgehou word en duidelike en volledige rekordering rakende alle toegang tot die gebied is noodsaaklik.

Die rugby- en hokkievelde sal gesoneer word deur duidelike vyf meter afbakenings in alle rigtings en dien as 'n saamkompunt vir leerders en personeel tydens pouses. Dit is die enigste gebied waar leerders en personeel toegelaat sal word om hulle maskers te verwyder ten einde hulle voedsel/versnapperings te geniet. Weens die feit dat die personeel en leerders nie beskerm is wanneer die maskers verwyder is nie, is die sosiale distansiëring hier tot vyf meter aangepas.

Alle toegelate ingangspunte tot die skoolfasiliteite sal aangedui wees; tekens sal die minimum vereistes waaraan voldoen moet word voor die fasiliteite betree mag word, sal op sigbare plekke by elkeen van die ingangspunte aangebring wees. Die ingangspunte sal te alle tye gesluit wees indien dit op 'n gegewe oomblik nie deur die toegewyste personeellid/beampte beman is wat die monitoring en skandering kan hanteer van enige persoon wat die terrein betree nie.

Alle buite-areas wat toegang tot die skoolterrein verleen, sal gesoneer wees en duidelike afbakenings, wat aan die gepaste/vereiste sosiale distansiëringsmaatreëls waaraan ‘n persoon wat die skoolterrein wil betree, moet voldoen, sal op die loopareas aangebring word.

3.2 Intense skoonmaak en ontsmetting van die skoolfasiliteite wat die aanmeld van die personeel en leerders voorafgaan

Die volgende prosedures is slegs geldend vir die aanvanklike voorbereiding van die skoolfasiliteite:

Alle betrokkenes in die uitvoering van die skoonmaak en ontsmetting van die skoolfasiliteite ter voorbereiding van die aanmeld van die personeel en leerders sal met die gepaste en voorskriftelike persoonlike beskermingstoerusting (PBT = PPE: personal protection equipment) uitgereik word.
Die persoonlike beskermingstoerusting (PBT) sal voldoen aan die vereistes en standaarde wat deur die Departement van Arbeid en die Departement van Gesondgheid daargestel is, en sal die volgende insluit:

3.2.1 ‘n gesigsmasker; en
3.2.1 ‘n gesigskerm; en
3.2.3 PVC-handskoene; en
3.2.4 PVC-rubberstewels; en
3.2.5 PVC-reënjas.

Die behoorlike rekordering van alle PBT’s (PPE) wat uitgereik en ontvang is deur die personeel sal plaasvind.

Alle kontrakteurs wat deel vorm van die skoonmaak- en ontsmettingsproses van die skoolfasiliteite moet hulle personeel van die vereiste PBT’s voorsien.

Deeglike opleiding sal aan elke ondersteuningslid wat deel van die skoonmaak en ontsmettingsproses vorm, verskaf word ten einde te verseker dat daar volle begrip ten opsigte van die proses en prosedures bestaan. ‘n Volledige rekord sal gehou word van die aard van die opleiding wat elke personeellid ontvang.

Alle toeganklike gebiede deur die personeel en leerders sal geïnspekteer word en alle items, rommel en toerusting wat nie noodsaaklik is vir die behoorlike uitvoer van die onderwysproses nie, sal verwyder word om sodoende ‘n veilige area te verseker.

Alle rekenaarsleutelborde en soortgelyke sensitiewe items moet deur gepaste PVC-materiaal bedek en beskerm word om die skoonmaak en ontsmetting van die werksoppervlakke te vergemaklik. Indien dit nie moontlik is om die genoemde items te bedek nie, sal dit gedurende die inperkingsperiode onttrek word.

Alle items in die klaskamers wat die skoonmaak- en ontsmettingsproses sal bemoeilik en wat moontlik gedurende die proses beskadig kan word, moet verwyder word. Dit sluit alle onnodige items op tafels en skoolbanke in, asook plakkate teen die mure of enige ander items wat nie ‘n noodsaaklike deel van die lesonderrig vorm nie.

Alle gebruiksartikels soos bv. eetgerei, moet van die skoolterrein verwyder word of veilige toegesluit word. Die gebruik van alle gebruiksartikels soos byvoorbeeld die yskas(te), ketels, ensovoorts is streng verbode tydens die inperkingstydperk om sodoende die risiko van kruiskontaminasie uit te skakel.

Alle higiënefasiliteite moet geïnspekteer word om te verseker dat alle fasiliteite in ‘n werkende toestand en veilig is vir gebruik deur die personeel en leerders. Alle toilette sal van toiletpapierhouers voorsien word en daar moet voorsiening gemaak word vir die installering van papierhanddoekrolle in elkeen van die fasiliteite. Alle higiënefasiliteite sal van ‘n gepaste vullisdrom met ‘n deksel voorsien word vir die weggooi van enige item wat tydens die besoek aan die fasiliteit gebruik is.

Alle tafels, stoele en rake, ensovoorts sal met seepwater afgewas word om alle vullis te verwyder. Dit sluit ook die gebiede in wat tydens die onderrig gebruik word en is nie net beperk tot die klaskamers nie. Die gebiede sluit ook die administratiewe gebiede in.

Alle klaskamers, kantore en enige ander gebied wat skoongemaak en ontsmet is, sal gesluit wees totdat dit vir operasionele doeleindes benodig word. Dit sal die moontlike kontaminasie van die fasiliteite voorkom indien daar moontlik ongemagtigde toegang tot die gebied verkry is.

Alle deure, deurkosyne, deurknippe, vensterhandvatsels, handrelings en ander items/areas wat gereeld tydens normale skoolaktiwiteite gebruik word, sal met seepwater afgewas word.

Nadat al die genoemde items en gebiede gewas is, sal al die items en gebiede afgevee word met ‘n verdunde natriumtiosulfaatchloried-oplossing om te verseker dat dit na behore ontsmet is. ‘n Volledige verslag/rekord sal van elke klaskamer, vertrek, kantoor of spesifiek gebied wat skoongemaak en ontsmet is, gehou word wat ook die tyd, datum en verantwoordelike persoon wat die proses hanteer het, sal aandui.

Alle higiënefasiliteite, buitemure van alle klasmakers en kantore, loopareas, handrelings, ensovoorts sal met ‘n seepwateroplossing en ‘n hoë drukpomp skoongemaak word. Die gebiede sal na die genoemde skoonmaakproses met ‘n natriumtiosulfaatchloried-oplossing afgespuit word om te verseker dat die gebiede en fasiliteite na behore ontsmet is.

Alle skoolbusse en alle ander skoolvoertuie wat nie tydens die inperkingstydperk in gebruik is nie, sal veilig toegesluit word. Sodoende sal die onnodige gebruik van die voertuie verhoed word. Om die risiko van oordrag te verminder, sal geen skoolvoertuie tydens die inperkingstydperk vir die vervoer van personeel of leerders gebruik word nie. Indien enige skoolvoertuig vir die uitvoering van opdragte gebruik word, sal die spesifieke voertuig voor - en na gebruik gesaniteer word. Die skoolvoertuig mag slegs vir gemagtigde ritte gebruik word; genoemde magtiging sal vir elke rit gerekordeer word en die voertuig moet na die spesifieke gebruik na die parkeergebied teruggeneem word. Geen skoolvoertuig sal vir privaatgebruik aangewend mag word of by privaat personeelwoonadresse gestoor word nie. Een voertuig sal onderskeidelik vir gebruik aan die skoolhoof en een van die nie-opvoedkundige personeellede toegewys word.

Alle verslae/rekords vir die skoonmaak en ontsmetting van alle fasiliteite moet vir veilige bewaring aan die skoolhoof oorhandig word. Nadat die skoolbeheerliggaam oortuig en tevrede is met die rekords en dat aan die gestelde vereistes voldoen word, sal die Departement van Onderwys van hulle bevinding in kennis gestel word. Dit sal alle betrokke partye die gelyke en regverdige geleentheid gee om hulle te vergewis rakende die gestelde voldoeningsvereistes.

Die skoolfasiliteite sal eers oopgestel word nadat die Departement van Onderwys hulle goedkeuring op skrif aangebied het re die gebruik en die aanvang van aktiwiteite op die datum en tydraamwerk soos deur die Departement van Onderwys daargestel is.

3.3 Beskikbaarstelling van addisionele handewasfasiliteite by ingangspunte asook op stategiese punte binne die skoolterrein

Aangesien persoonlike higiëne een van die sleutelvoorkombare - en beheermaatreëls is om die ongekontrolleerde verspreiding van die COVID-19-virus te verhoed, sal addisionele handewasfasiliteite beskikbaar gestel word. Dié fasiliteite sal byvoegend tot die bestaande higiënefasiliteite wees en sal op in die volgende gebiede beskikbaar gestel word:

3.3.1 by alle gekontrolleerde ingangspunte wat toegang tot die skoolterrein verleen; en

3.3.2 by die gebied wat die naaste aan die rugby-en hokkievelde geleë is.

Die handewasfasiliteite sal oor 'n ononderbroke watertoevoer en vloeibare handeseep beskik.

## 4. MODULE 2 – Maatreëls vir die effektiewe kontrolering en rekordering wanneer persone die skoolterrein betree

Die kontrolemaatreëls sal geld ongeag van die fase/vlak van gemagtigde toegang wat deur die Departement van Onderwys toegestaan word. Geen toegang sal aan 'n persoon of persone verleen word sonder dat die kontrolemaatreëls na behore nagevolg word om die verspreiding van die virus te voorkom nie. Die kontrole sal die opsporing en nasporing vergemaklik van alle persone wat die terrein betree het en moontlik die virus opgedoen het.

Geen persoon sal vrygestel word van die onderstaande genoemde toestande of kontrolemaatreëls nie. Van alle persone wat die skoolterrein op 'n gereelde grondslag betree, sal verwag word om 'n *Verklaring van Instemming* ("Declaration of consent") te onderteken waarin verklaar word dat hulle hulle aan die beleide, prosedures en kontrolemaatreëls, waar van toepassing, en die bestryding van die ongekontrolleerde COVID-19-virusverspreiding, onderwerp. Daar sal ook van alle ouers en leerders verwag word om die genoemde verklaring te onderteken om sodoende hulle instemming te gee tot alle genoemde beleide, prosedures en kontrolemaatreëls terwyl die leerder in die skool is.

Alle leerders met enige mediese toestand wat hom/haar in die hoë risikokategorie plaas en wat addisionele beskerming teen die moontlike blootstelling aan die Covid-19-virus mag benodig, moet skriftelik by die skoolhoof aansoek doen vir die vrystelling van skoolbywoning en om opvoedkundige ondersteuning te ontvang. Die versoek sal slegs toegestaan word by die aanbieding van 'n geldige mediese verslag waarin daar deur 'n geregistreerde mediese praktisyn aanbeveel word dat die betrokke leerder behoefte het aan sulke addisionele beskerming.

Alle addisionele fasiliteite of behoeftes wat só 'n leerder sal benodig in die uitvoer van sy/haar studies soos bv. data, rekenaars, ensovoorts is die ouer se eie verantwoordelikheid en koste. Tyd en kommunikasie met onderwyspersoneel sal deur die dringendheid en noodsaaklikheid van die geval bepaal word. Indien dit enigsins aan die lig sou kom dat die leerder nie pligsgetrou die studieprogram volhou nie, behou die skool hom die reg voor om die vergunning aan die betrokke leerder terug te trek. Die onttrekking sal slegs geskied na deeglike konsultasie tussen die skoolhoof, die leerder se ouers en die leerder in persoon.

Publikasie en riglyne deur die volgende departemente in die huidige staat van nood, asook die OSH-wet, is van toepassing om volvoering aan die wetgewing te verseker:

- DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
- DEPARTEMENT VAN ARBEID
- DEPARTEMENT VAN HANDEL EN INDUSTRIE
- DEPARTEMENT VAN GESONDHEID

**’n Beleid van geen verdraagsaamheid sal te alle tye toegepas word en geen uitsonderings sal gemaak word nie.**

Enige person wat “JA” op enige van die volgende vrae antwoord, sal nie toegang tot die skoolterrein ontvang nie:

a) Het jy enige van die bekende simptome wat met COVID-19 geassosieer word, of
b) Het jy enige griepverwante simptome, of
c) Was jy, na jou wete, blootgestel aan enige ander persoon wat met die COVID-19-virus gediagnoseer is en wat nog nie virusvry deur gesondheidsfasiliteite verklaar is nie, of
d) Is jy met enige toestand gediagnoseer wat jou in die hoë risikogroep plaas indien jy moontlik die COVID-19-virus opdoen en dus deur ‘n gesondheidspraktisyn aangeraai word om jouself te isoleer.

Enige persoon wat weier om homself/haarself te onderwerp aan enige van die onderstaande aksies sal ook geen toegang tot die skoolterrein ontvang nie:

a) Weiering van die temperatuurskandering wanneer die skoolterrein betree word; of
b) Weiering om goeie en gesonde handewaspraktyke na te volg; of
c) Weiering om die voorgeskrewe gesigsmasker te dra terwyl die persoon op die skoolterrein is; of
d) Weiering om die vereiste sosiale distansiëring te handhaaf; of
e) Weiereing om persoonlike besonderhede beskikbaar te stel; of
f) Weiering om ondergeskik te wees aan enige addisionlee maatreëls wat in plek gestel is by die skool en wat deur die toegangsbeampte verduidelik is.

Die volgende reëls is deurlopend geldend en van toepassing op alle persone terwyl hulle op die skoolterrein is:

a) Alle persone sal te alle tye ‘n masker dra behalwe tydens pouse wanneer verversings op die toegewyste sportvelde geniet word en slegs wanneer die persoon staties is op een van die afgemerkte plekke; en
b) Alle persone sal hulle hande met water en seep was en wel op die aanbevole wyse wanneer die terrein betree word; en
c) Alle persone sal te alle tye gehoor gee aan die voorgeskrewe distansiëringsriglyne van 1.5 meter; en
d) Geen persoonlike items mag met ander gedeel word nie; dit sluit die volgende in, maar is nie slegs beperk tot skryfbehoeftes, handreiniger, voedsel, waterbottels, bekers, ensovoorts nie; en
e) Geen vuilspel of samekoms van ongekontrolleerde byeenkomste van enige aard sal toegelaat word nie; en
f) Alle leerders moet sonder uitstel direk na hulle klaskamers beweeg wanneer hulle die skoolterrein betree; onmiddellik hulle toegewyste sitplekke inneem en gehoor gee aan die vereiste sosiale distansiëringsregulasies; en
g) Handreinigers sal in elke klaskamer beskikbaar wees. Die personeellid sal verantwoordelik daarvoor wees om toe te sien dat elke leerder sy/haar hande met die handreinigers ontsmet indien die leerder so ‘n versoek sou rig. Die kontrole en monitoring van hierdie aktiwiteit is krities om te voorkom dat vuilspel of wangebruik met die handreiniger plaasvind. Slegs handreinigers wat deur die Departement van Onderwys, of handreinigers soortgelyk aan die wat die skool voorsien, mag gebruik word. Let daarop dat sekere leerders ‘n sensitiwiteit vir die herhaaldelike gebruik van handreinigers mag ontwikkel; en
h) Daar moet aan alle instruksies wat deur die personeellede gegee word rakende die bewegings van die leerders, gehoor gegee word; en
i) Alle orde-instruksies deur personeellede gedurende die wisseling tussen periodes en klaskamers moet onverwyld gehoorsaam word; en
j) Geen persoon sal in die geen toegang - en afgesperde gebiede toegelaat word nie; en
k) Daar word van alle persone vereis dat hulle hulle rommel in die voorsiene asblikke sal gooi; en
l) Alle instandhoudingswerk mag slegs aan die einde van die skooldag gedoen word wanneer alle leerders en nie-noodsaaklike personeel die terrein verlaat het.

Gebaseer op die bostaande inligting sal die volgende proses gevolg word wanneer enige persoon die skoolterrein wil betree:

a) Betreding van die skoolterrein sal slegs op gespesifiseerde tye geskied en leerders en alle opvoedkundige personeel moet die terrein verlaat binne die tydsbestek van nie meer as 30 minute na afloop van die skooldag nie. Dit sal die toegewyste instandhoudingspersoneel in staat stel om met hulle skoonmaaktake en voorbereiding van die skoolfasiliteite vir die volgende skooldag te begin.
b) Gedurende die aanvang en afsluiting van die skooldag sal onderwysers en reëlingsbeamptes op strategiese punte binne en buite die skoolterrein geplaas word om te verseker dat alle persone die sosiale distansiëring sal handhaaf. Alle leerders moet onverwyld na hulle klaskamers beweeg en hulle sitplekke inneem; geen persoon sal toegelaat word om binne of buite die terrein rond te dwaal of in groepe bymekaar te kom nie.
c) Met aankoms by die terrein word daar van die persoon wat die terrein wil betree, verwag om dit onverwyld te doen om sodoende ongekontrolleerde groepbyeenkomste te voorkom en om sosiale distansiëring te handhaaf. Dit sal ook oponthoude gedurende die skandering en handewasaksie binne die terrein voorkom.
d) Toegang tot die skoolterrein is slegs toelaatbaar by die toegewyste ingangspunte wat deur onderwysers en reëlingsbeamptes beman en gekontroleer sal word.
e) Alle persone wat die skoolterrein op ‘n gereelde grondslag wil betree, soos personeellede, leerders en ondersteuningspersoneel, moet ‘n *“Verklaring van Instemming”* in dien op die eerste dag van betreding van die skoolterrein.
f) Van alle besoekers en kontraktuele werkers word vereis dat hulle die *Versoek tot Toegang-aansoekvorm* (“Request to enter” application form) vir elke individu sal voltooi. Slegs nadat die betrokke vorm geëvalueer is, sal toestemming tot die betreding van die terrein toegestaan word. ‘n Volledige en gedetailleerde verslag/rekord sal gehou word van alle besoekers op die terrein, asook van die skoolpersoneel wat kontak tydens enige van die besoeke gehad het. Dit is krities noodsaaklik om te verseker dat nasporing en opsporing van die besoekers kan plaasvind indien nodig. GEEN besoeker sal sonder ‘n afspraak op die terrein toegelaat word nie en visitasie sal slegs toegestaan word indien die persoon nie die afspraak via elektroniese media kan nakom nie.
g) Dit word van elke persoon vereis om enige onderliggende gesondheidstoestande wat moontlik verwant aan die COVID-19-virus kan wees, of wat blootstelling aan enige persoon gehad het wat met die VCOVID-19-virus gediagnoseer is, onmiddellik te verklaar.
h) Enige person wat gedurende sy/haar teenwoordigheid op die skoolterrein enige toestande ervaar wat met COVID-19 of enige griepverwante simptome geassosieer kan word, moet dit onverwyld by die skoolbeamptes aanmeld. Só ‘n persoon moet onmiddellik na die mediese isolasiefasiliteite geneem word.
i) Alle persone moet te alle tye ‘n gesigmasker dra wat aan die vereistes voldoen soos bepaal deur die Departement van Gesondheid. Geen persoon sonder ‘n masker sal toegang tot die skoolterrein ontvang nie.
j) Alle persone wat die skoolterrein betree, se temperatuur sal geskandeer word en enige persoon met ‘n liggaamstemperatuur hoër as 37.5º C sal nie toegang tot die terrein verkry nie. Die persoon se persoonlike besonderhede sal gerekordeer word. Só ‘n persoon sal ook aangeraai word om onmiddellik mediese advies rakende sy/haar toestand in te win.
k) Indien enige persoon met ‘n temperatuur hoër as 37.5º C nie in staat is om veilig na sy/haar huis te keer of mediese advies in te win nie, sal so ‘n persoon die geleentheid gebied word om in isolasie geplaas te word en die gesondheidsowerhede sal ingelig word oor die persoon se gesondheids-toestand. Weiering van betreding deur ‘n persoon met verhoogde temperatuur beteken nie noodwendig dat die persoon die COVID-19-virus onderlede het nie; dit impliseer slegs dat die persoon nie voldoen aan die protokol wat as vereistes vir betreding van die skoolterrein gestel word nie.
l) Alle moontlik pogings moet te alle tye aangewend word ten einde die waardigheid en privaatheid van enige persoon aan wie nie toegang verleen word nie, te verseker.

m) Die verwydering van enige persoon na die isolasiefasiliteite moet op so 'n wyse gedoen word dat die minste moontlike blootstelling aan enige ander persoon verseker word.
n) Met aankoms by die isolasiefasiliteit sal die persoon versoek word om nie die vertrek te verlaat nie en om die deur toe te hou. Die begeleier sal nie die vertrek betree nie, maar buite bly. Die skoolhoof moet onmiddellik oor die situasie ingelig word.
o) Slegs die skoolhoof (of die toegewyste persoon) het die volmag tot verdere optrede na die Department van Onderwys, die Departement van Gesondheid asook enige familiebetrekkinge. Dit sal geskied in ooreenstemming met die voorgeskrewe protokol soos deur die Department van Onderwys vereis word. Enige kommunikasie rakende sulke gebeurlikhede mag slegs deur die skoolhoof geskied in samewerking met alle ander betrokkenes. Groot omsigtigheid moet aan die dag gelê word om die verspreiding van fopnuus of die skep van paniek in die onmiddellike skoolomgewing en die gemeenskap te voorkom.
p) Alle persone wat die terrein betree, moet van die handewasfasiliteit wat by die ingangspunt beskikbaar is, gebruik maak.
q) Alle klaskamers wat deur die leerders gebruik sal word, sal vooraf deur die onderwyser beman word om sodoende te verseker dat aan alle vereistes van sosiale distansiëring voldoen word en dat 'n veilige omgewing geskep word.
r) 'n Teenwoordigheidsregister van alle leerders deur alle onderwysers en vir elke periode moet bygehou word. Op die register moet die klaskamernommer wat die spesifieke periode gebruik is, ook aangedui word. Die teenwoordigheidsregisters moet op 'n daaglikse grondslag by die kontrole-beampte ingehandig word waarna dit op 'n veilige en gekontrolleerde wyse veilig sal hou word vir moontlike toekomstige verwysings na die rekords.

## 5. MODULE 3 – Prosedure wat gevolg moet word indien 'n personeellid vermoed dat 'n leerder die COVID-19-virus onderlede het

Alhoewel alle redelike stappe gedoen sal word om die ongekontrolleerde verspreiding van die COVID-19-virus ten alle koste te probeer voorkom, bestaan die moontlikheid steeds dat die opdoening daarvan mag opduik. Die volgende maatreëls word sonder versuim geïmplementeer indien dié stuasie ontstaan:

By die bevestiging van inligting dat enige leerder of personeellid die COVID-19-virus onderlede het, sal die skoolhoof onmiddellik toesien dat die volgende prosedures gevolg word:

a) Inkennistelling van die volgende departementele instellings:
   - DEPARTEMENT VAN ONDERWYS; en
   - DEPARTEMENT VAN GESONDHEID
b) Indien die betrokke leerder of personeellid op die skoolterrein teenwoordig is tydens die bevestiging van die vermoede, sal die persoon onmiddellik na die mediese isolasiefasiliteit geneem word vir isolasie en om te verseker dat enige ander persoon nie aan moontlike kontaminasie blootgestel word nie; en
c) Alle ander leerders en/of personeellede wat moontlike direkte kontak met die persoon gehad het, sal onmiddellik uit die skoolgebou verwyder word en na die rugby-of hokkievelde geneem sodat die vereiste protokol rakende behoorlike sosiale distansiëring gevolg kan word; en
d) Alle verslae/rekords van die persoon se teenwoordigheid by die skoolfasiliteite vir die afgelope 14 (veertien) dae voorafgaande tot die bevestiging van die mediese toestand moet saamgestel en beskikbaar wees op aanvraag deur die gemagtigde persone. Dit is 'n kritiese taak wat in die kortste moontlike tyd moet geskied om die opsporing en nasporing deur die gesondheidsowerhede te bespoedig; en
e) Alle klaskamers en gemeenskaplike gebiede wat deur die persoon besoek of gebruik is, sal ontruim word en die genoemde gebiede sal gesluit word om betreding te verhoed. Alle klaskamers en gebiede wat geïsoleer moet word, sal gesluit wees en voldoende tekens sal aangebring word om enige risiko van verdere blootstelling te voorkom; en

f) Gebaseer op die advies en leiding van die Departement van Onderwys en die Departement van Gesondheid sal alle verdere aksies in streng koördinering met die genoemde departemente geskied; en
g) Alle amptelike kommunikasie met die ouers en ander geaffekteerde partye sal geskied met die instemming en raadgewing van die Departement van Onderwys. Om die verspreiding van fopnuus en om paniek te voorkom, sal die kommunikasie na al die geaffekteerde partye binne die kortste moontlike tyd moet plaasvind; en
h) ‘n Noodlyn sal onmiddellik daargestel word om die ouers en geaffekteerdes ingelig te hou. Die fasiliteit sal deur ‘n toegewyste persoon na onderhandelings met die verantwoordelike departemente en die skoolbestuurspan, beman word; en
i) Enige besluite in verband met die voortgang of sluit van die skool of spesifieke gebiede sal in oorleg met die Departement van Onderwys en die Departmеnt van Gesondheid geskied; en
j) Die skoonmaak en ontsmetting van die betrokke fasiliteite sal onder streng beheer en leiding van die verantwoordelike regeringsdepartemente plaasvind. Hierdie fasiliteite sal slegs weer vir gebruik beskikbaar wees wanneer die instemming van die Departement van Onderwys ontvang is.

## 6. MODULE 4 – Aanstelling van spesifieke amptenare vir koördinering en toepaslikheidsversekering

Alhoewel die skoolhoof verantwoordelik sal wees vir die implementering en uitvoering van alle beleide en prosedures, sal die volgende amptenary aangestel word om hom te assisteer in die uitvoering en monitoring van die prosesse:

### 6.1 COVID-19-Koördineerder

Die persoon sal verantwoordelik wees vir die koördinering van die proses op ‘n daaglikse grondslag en sal skakel met alle ander amptenary om te verseker dat aan die voorvereistes voldoen word.

### 6.2 COVID-19-Veiligheidsbeampte

Die persoon sal verantwoordelik wees om toe te sien dat daar aan alle veiligheidsaspekte wat verwant is aan die prosedures, voldoen word, byvoorbeeld:

a) Die gebruik van alle persoonlike beskermingsuitrustings; en
b) Identifisering van gebiede wat ‘n moontlike risiko inhou rakende ongemagtigde samekomste; en
c) Inspektering van afperkingsmateriaal en tekens om die bewegings van die leerders en die personeel te kontroleer; en
d) Die veilige hantering van die reinigings- en ontsmettingsmiddels.

### 6.3 COVID-19-Administratiewe beampte

Die persoon is verantwoordelik vir die volhoude veilige bewaring van alle dokumente en rekords/verslag wat relevant aan die prosedures is.

### 6.4 COVID-19-Gesondheidsbeampte

Die persoon sal op ‘n daaglikse grondslag verseker dat daar aan alle vereistes rakende die skoonmaak en gereedheid van die skoolfasiliteite voldoen word. Alle skoonmaakpersoneel sal direk aan die persoon verslag doen; alle personeel wat geallokkeer is by die skoonmaakproses van die skoolfasiliteite sal vrygestel word van alle ander normale huishoudelike take om sodoende aan die belangrike vereistes in die verband te voldoen.